# Byvoeglike Naamwoorde

## Gemengde Oefening

**Byvoeglike naamwoorde** is woorde wat die selfstandige naamwoorde beskryf. Die byvoeglike naamwoord kan selfstandige naamwoorde op verskillende wyses beskryf, naamlik:


- deur middel van trappe van vergelyking
- deur middel van intensiewe vorme
- deur middel van verbuigings
- deur middel van vergelykings



**1. Trappe van Vergelyking.**

Byvoeglike naamwoorde kan in die stellende trap, die vergrotende trap of die oortreffende trap geplaas word.

**Byvoorbeeld:** mooi, mooier, die mooiste




**2. Intensiewe Vorme**



Byvoeglike naamwoorde kan ook in 'n intensiewe vorm gebruik word om die woord nog meer te beskryf.

**Byvoorbeeld:** baie rooi – bloedrooi; baie vinnig – blitsvinnig

**3. Verbuigings**

Soms, afhangend van waar die byvoeglike naamwoord in die sin staan, neem hy verskillende vorms aan.

**Byvoorbeeld:** Die rok is kleurvol.

**OF**

Dit is 'n kleurvolle rok.

**4. Verglykings**

Vergelykings en intensiewe vorme loop dikwels hand aan hand.

**Byvoorbeeld:** Grasgroen kan in 'n vergelyking geplaas word – **So groen soos gras.**

Bloedrooi kan in 'n vergelyking geplaas word – **So rooi soos bloed.**

Vergelykings is wanneer twee sake met die woorde, soos en nes gelyk aan mekaar gestel word.



twinkl
besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

# Aktiwiteit

**Voltooi die onderstaande paragraaf deur die instruksies in hakies te volg en die korrekte woordvorm in die spasies in te vul.**

Suid-Afrika is 'n **1.1** (gee die korrekte vorm van die woord pragtig) ____________________ land met die **1.2** (gee die oortreffende trap van ryk) ________________________________ kultuur en 'n ryk geskiedenis. Die **1.3** (gee die korrekte vorm van die woord bekend) __________________ stad, Kaapstad, is 'n gunsteling onder toeriste.

Die **1.4** (gee die korrekte vorm van die woord mooi) ______________________ somers maak dit 'n gewilde bestemming vir strandliefhebbers. Die landskap is **1.5** (gee die intensiewe vorm van die woord groen) ________________________ met bekende besienswaardighede soos Tafelberg en die Krugerwildtuin.

Suid-Afrika is trots op sy **1.6** (gee die korrekte vorm van die woord tradisioneel) ____________ kos, soos bobotie en braaivleis. Het jy al ooit 'n **1.7** (gee die korrekte vorm van die woord sappig) ____________________ stuk boerewors geproe?

Die **1.8** (gee die korrekte vorm van die woord son) ______________________ strande langs die Tuinroete is baie gewild onder toeriste. Die warm Indiese Oseaan lok baie swemmers en branderplankryers.

Het jy geweet dat Suid-Afrika se hoofstede elkeen 'n **1.9** (gee die korrekte vorm van die woord belangrik) ______________ rol in die regering speel? Pretoria is die administratiewe hoofstad, Kaapstad is die wetgewende hoofstad en Bloemfontein is die geregtelike hoofstad.

Daarom is Suid-Afrika een van die **1.10** (gee die oortreffende trap gewild) __________________ toeristebestemmings in Afrika. Wil jy eendag hierdie **1.11** (gee die korrekte vorm van die woord ongelooflik) ________________________ land verken?





LIVEWORKSHEETS